# LES 5 DIE WYSE WAAROP ONS DEEL KRY AAN DIE GENADEVERBOND – DIT IS SOOS OM 'N HUIS TE ERF

## 1. Redding is om losgemaak te word van die wetsverbond en vasgemaak te word in die genadeverbond

Redding soos die Here dit aan ons in die Bybel bekendmaak, is om van die wetsverbond losgemaak en aan die genadeverbond vasgemaak te word.

Kom ons lees weer Jeremia 31: 31 tot 34 en kyk hoe werk hierdie redding!

*"Daar kom 'n tyd sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit.* 32 *Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte getrek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here.* 33 *Dit is die verbond wat ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.* 34 *'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want hulle almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie."*

Jeremia se beskrywing van redding lyk dus só:

- Die redding is dat die Here met hulle 'n nuwe verbond sluit.
- Die verbond wat die Here met hulle by die berg Sinaï gesluit het, het nie gewerk nie. Dit was die wetsverbond.
- Die rede hoekom hierdie verbond nie gehou het nie, is omdat hulle nie hulle deel van die kontrak kon hou nie: hulle het sonde gedoen en nie volgens die gebooie van die Here geleef nie.
- God moet hulle nou straf en veroordeel omdat hulle nie hulle deel van die kontrak gehou het nie.
- In plaas daarvan dat God hulle straf vir hulle sonde, maak Hy met hulle 'n nuwe verbond: die genadeverbond.
- In die genadeverbond gaan die Here hulle nie straf nie, al doen hulle sonde, en gaan die Here hulle innerlik nuut maak om Hom lief te hê, sonder dat iemand dit deur die Tien Gebooie op hulle afdwing.

## 2. Ons erf ons plek in God se genadeverbond

Paulus sê ons erf ons plek in die genadeverbond:

*"*29 *En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.* (Galasiërs 3) *"* 7 *Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak."* (Galasiërs 4)

Die Here sluit ons in die genadeverbond in, net soos iemand wat in 'n plakkerskamp bly 'n huis by 'n weldoener erf wat graag goed wil wees aan iemand wat in 'n plakkerskamp bly.

## <u>Hoe werk die testament van ’n weldoener wat jou laat erf?</u>

***<u>Kom ons sê jy is ’n plakker in ’n pondok en ’n weldoener laat jou sy huis van een miljoen Rand erf!</u>***

- **Wie** het die besluit geneem om jou te laat erf?
- Kon jou weldoener iets **anders** met sy plaas gedoen het?
- Was hy die plaas aan jou **verskuldig**?
- Aan wie **kon** jou weldoener die plaas gee as hy wou?
- Moes jou weldoener met **jou** onderhandel oor die feit dat hy jou die plaas wou laat erf?
- Laat jou weldoener jou erf omdat jy so ’n voorbeeldige mens is, of omdat hy barmhartig teenoor jou as plakker is?

***<u>Kan jy sien…</u>***

- Jou weldoener **besluit self, sonder jou samewerking of toestemming**.
- Hy kon die huis vir iemand **anders** gegee het as hy wou, hy **kon** dit bv. vir die kankervereniging gegee het, sodat hulle verdere navorsing oor kanker kan doen.
- Jy het tog **geen reg** gehad om die huis te erf nie, jy kry dit verniet, net omdat jou weldoener wou, net omdat hy so besluit het.
- Toe jou weldoener die testament gemaak het, was **jy nie eers by nie**.
- **Hy alleen neem die besluit** en beloof die huis verniet aan jou.
- Agterna, na sy dood, het jy gehoor wat sy besluit was, maar toe het hy al lankal klaar besluit.
- Jy **ontvang net** die erfporsie/bemaking.
- ***<u>Jy maak nie die testament van jou weldoener geldig of ongeldig nie!</u>***

**Dit is anders in die wetsverbond – by die huiskooptransaksie is jy:**

- *een van twee volle en gelyke partye.*
- jy is **van die begin** af by die hele ooreenkoms betrek.
- jy **kan kies** aan die begin, maar as jy klaar geteken het, moet jy die ooreenkoms stiptelik nakom.
- Kom jy nie die ooreenkoms na nie, moet jy uit die huis trek en na ’n plakkerskamp gaan, waar jy vir jouself ’n pondok moet bou. Jy stel jouself bloot aan **vervolging** en **verlies** van die huis indien jy nie die ooreenkoms stiptelik nakom nie.

**By die erf van jou weldoener se huis:**

- is jy wel ’n “party”, maar **jy is nie deel van die besluite nie**, jy ***ontvang*** net die belofte. ***<u>Eintlik is jou weldoener die enigste persoon wat handel in die bemaking</u>***!

Jy is ’n ontvanger.

| |
|---|
| Die wetsverbond by Sinaï werk soos die huiskoop-transaksie en die genadeverbond werk soos om ’n huis te erf uit die testament van jou weldoener. |

Jy het jou plek in die Here se genadeverbond geërf. Deur ’n soewereine verklaring van sy wil in sy testament, is sy genade aan jou bemaak.

Dit is hoekom die kerk jou gedoop het. Die doop beteken hierdie kind is ’n kind van die Here. En Paulus sê uitdruklik omdat ons kinders van die Here is, is ons erfgename van God se goedheid en liefde.

Dit is die wyse waarop ons deel kry aan God se genadeverbond: ons erf dit.

**3. <u>Ons ontvang ons erfenis deur in die goedheid van God te glo, nie deur wetsgehoorsaamheid nie</u>**

Paulus beskryf die wyse waarop ons ons erfenis ontvang, in Romeine 4:

*“13 Dit is trouens nie omdat Abraham die wet van Moses onderhou het dat aan Hom en sy nageslag die belofte gegee is dat hy die wêreld as besitting sal ontvang nie, maar omdat hy vrygespreek is deurdat hy geglo het. 14 As mense deur wetsonderhouding deelgenote van die belofte sou kon word, sou die geloof sy betekenis verloor het en die belofte sy krag. 15 Die wet bring juis die straf van God, want waar daar nie ’n wet is nie, is daar ook geen oortreding van die wet nie. 16 Daarom het die belofte deur die geloof, en dus uit genade tot Abraham gekom sodat dit van krag sou bly vir sy hele nageslag. En sy nageslag is nie net dié wat die wet ontvang het nie, maar ook dié wat glo, soos Abraham geglo het.”*

.1 “Vrygespreek” beteken dat ons van die wetsverbond vrygemaak is: ons hoef nie die wet te onderhou om God se beloftes te ontvang nie.
.2 Die beloftes word ontvang deur net te glo in God se goedheid.

“Glo” beteken dat ek my erfporsie aanvaar as ’n gawe. Ek glo God het dit aan my bemaak. Dit is myne omdat Hy so goed was om my te laat deel in sy erflating.

Ons kan nie deel kry aan die genadeverbond deur:

- Ons sondes te bely en berou te hê oor ons sonde nie.
- Onsself te reinig en ons afgodediens te los nie.
- Ons geaardheid of houding te verander nie.
- Die gebooie van die Here te gehoorsaam nie.
- ’n Verhouding met God aan te gaan nie.
- Te bid nie.
- Ons van sondes te bekeer nie.

Al hierdie dade is die wetsgehoorsaamheid van die wetsverbond. God het ons losgemaak van hierdie verbond.

Die wyse waarop ons die band wat God tussen ons skep, aanvaar – is deur God maar net te glo vir hierdie wonderlike liefde waarmee Hy my aan Hom verbind het:

*“[22]…die belofte word dus vir die gelowiges vervul alleen op grond van die geloof in Jesus Christus”.* (Galasiërs 3)

**4. <u>Vrygemaak van ’n plakkerspondok en vasgebind in ’n die huis van God</u>**

Ons het doelbewus God se genadeverbond vergelyk met ’n huis, en die wetsverbond met ’n plakkerspondok.

Vir die res van hierdie kursus gaan ons met hierdie beeld die twee verbonde met mekaar vergelyk en verduidelik. Dit is glad nie toevallig dat ons dit so gekies het nie.

Kom ons lees Efesiërs 2 verse 12 en 19 – 22!

*“[12] In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld… [19] Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. [20] Julle is ’n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en profete, ’n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. [21] In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot ’n heilige tempel vir die Here, [22] in wie julle ook saam opgebou word tot ’n geestelike huis.*

’n Bywoner is amper iets soos ’n plakker. Hy mag in ’n pondok op ’n stukkie grond bly wat die eienaar aan hom vergun – maar dit is nie syne nie. Paulus sê dat toe die Efesiërs nie deel van die genadeverbond was nie, was hulle plakkers. Maar die genadeverbond is God se huisgesin. Hulle woon in ’n huis wat God vir hulle opbou.

Julle moet ontdek dat almal wat deel is van God se wetsverbond, geestelike plakkers in pondokkies is. Ons wat deel van die Here se genadeverbond is, is in sy huis – deel van sy gesin: kinders wat ons plek geërf het terwyl ons in ’n pondokkie van wetsgehoorsaamheid gebly het.

Ons redding is dat God ons uit die wetsverbond losgemaak het en binne sy genadeverbond vasgebind het.

**<u>Opsomming:</u>**

1. God het ons losgemaak van die wetsverbond.
2. God het ons vasgebind in sy genadeverbond.
3. Ons erf ons plek in die genadeverbond en ontvang ons erfenis deur geloof alleen.
4. Ons kan nie ons erfenis ontvang deur wetsgehoorsaamheid nie.

**<u>Oefening:</u>** Lees Galasiërs 4 verse 21 tot 31**. Wat leer hierdie gedeelte jou van die twee verbonde?**

Wenke:

1. Abraham se slavin Hagar wys op die wetsverbond, en sy vrou Sara wys op die genadeverbond.
2. Daarom wys sy seun Isak op die genadeverbond, maar sy seun by sy slavin, Ismael, wys op die wetsverbond.
3. Die berg Sinaï wys op die wetsverbond, en ook die stad Jerusalem.